

SOUTH AFRICA / JUDGMENT

S v Scholtz (545/96) [1999] ZASCA 2 (26 February 1999) [1999] ZASCA 2

COURT

Supreme Court of Appeal

BEFORE

F H Grosskopf, Nienaber, Schutz

CASE / FILE NUMBER

545/96

Source: saflii.org · Research copy typeset by Esheria. Not court-issued or certified.

SAAKNOMMER: 545/96

In die saak tussen:ALWYN HERCULAAS SCHOLTZ AppellantenDIE STAAT Respondent

Coram : F H Grosskopf, Nienaber en Schutz, ARR

Verhoor: 26 Februarie 1999Gelewer: 26 Februarie 1999_____

U I T S P R A A K

_____ F H GROSSKOPF, AR:Die appellant is in die Witwatersrandse Plaaslike Afdeling skuldig bevind aan moord en tot 25 jaar gevangenisstraf gevonniss. Alhoewel die hof a quo verlof aan hom verleen het om teen sowel sy skuldigbevinding as vonnis na hierdie hof te appelleer, is die appèl voor ons voortgesit slegs teen die vonnis wat hom opgelê is.Die appellant was 'n lid van die Suid-Afrikaanse Polisiediens en die senior persoon in beheer van die skof toe die moord gepleeg is. Hy en sy mede-beskuldigde, ook 'n polisieman, het hulle skuldig gemaak aan growwe magsmisbruik. Hulle het 'n onskuldige lid van die publiek voorgekeer en sonder rede begin aanrand. Dit was 'n sinnelose optrede. Daardie persoon is dood as gevolg van hulle voortgesette wrede aanval op hom. Die appellant se mede-beskuldigde het skuldig gepleit. Hy is deur 'n ander regter verhoor en ook tot 25 jaar gevangenisstraf gevonniss.Die hof a quo het voor oë gehou dat die appellant 'n eerste oortreder was wat 21 jaar oud was toe hy die misdaad gepleeg het. Daar is geen bewering dat die verhoorregter hom in enige opsig wanvoorgelig het nie. Na my mening is die vonnis ook nie skokkend onvanpas nie.Daar is na my oordeel geen meriete in die appèl nie en die appèl word van die hand gewys.

F H Grosskopf

Appèlregter

Nienaber AR)

stem saam

Schutz AR)

Source & reproduction note

Judgment wording, source notices and original paragraph numbers are retained. Esheria supplies the layout and this PDF's page numbers; these are not the source pagination. This is a research copy, not an official or certified court document. Check quotations, citations and publication restrictions against the original source before relying on it.

ORIGINAL SOURCE <https://www.saflii.org/za/cases/ZASCA/1999/2.html>

CASE PAGE <https://chat.esheria.ai/case-law/south-africa/s-v-scholtz-unknown-topic-asca-1999>

Prepared on 12 October 2026 · Esheria